

GEDIG VOORDRAG KOMPETISIE.

2026

NUKLEUS KULTUUR

# GRAAD 12 GEDIGTE:

## HIPPIE

Hy groei
plantaardig uit 'n stoel voor 'n kafee,
'n pers flap, na binne luisterend, na
voetstappe in die kelk, muskietsag,
geslote gemoed met reis om homself.

Hy slaan
'n pap handsak oor sy fraaiingskouer.
Om huisie se kombuise binne te val
sommer saam met die son en die vlieë.

Om gestrand te raak op die rand
van 'n stoep, voete in die malvas.
Tot ontsetting van die tuinspinnekop.

Hy onthou
die sinkomheinde werf waar uitgepofte
hoenders slaap om 'n verbitterde bloekom.
Baie oumense dut daar. Hulle kraak/
Hulle oë gaan oop soos kwaste in hout,
en sien nie die hobbelrige kind wat die pad
vat wat wip oor die blindewit duine
en kring om die pofadder se juweelhuis
van sewejaartjies: kleislang in 'n kindertuin.

En voort
duimgroei hy na miskien 'n genommerde
kamer met 'n Gideonsbybel, miskien die ru
bouval van 'n malman op 'n afgrond, of
die binnevlerksagtigheid van 'n woud.

En hy skiet
grieskleurige hare uit 'n apostelgesig
en loop om die tyd in te haal
wat hom vergeet het.

*deur Wilma Stockenström*

**BESOEK**
**WWW.NUKLEUS.CO.ZA/KULTUUR-KOMPETISIES**
**OM IN TE SKRYF**





## AMANDELBOOM, O LENTEBRUID

Amandelboom, O Lentebruid,
hoe spierwit bars die blomme uit,
die takke weeg nou, vlok op vlok
met haelwit sterre toekapok!

Nog al die ander bome wag
op stil invloeiing van die krag,
wat uit die grond se donker hart
beur na die takke, kaal en swart.

En in die rooi omgewing kleur
jy rein en wit; jou blommegeur
hang soet oor dor, vermufte bas,
uit tye toe daar winter was.

Jy is die eerste, in lentetyd,
wat wit uitstort jou vrugbaarheid,
en laaste van die bomesee
wat dan jou harde vruggie gee.

En tog bring jy die eerste teug
van diepste skoonheid van die jeug,
en spreek daar uit jou blommeprag
die heerlikheid van skeppingskrag!

Amandelboom, O Lewensbruid,
hoe heimlik bars die blomme uit,
die eerste milde skoonheidsbrood,
die lewenskrag uit winterdood!

*deur C.M. van der Heever*





## DIE VELES

Hulle leef op skuld
tot Vrydagaand,
en tot die einde van die maand;

Gaan goed gekleed, soos wie-weet-wie –
trakteer mekaar op simpatie;

Ontspan by voorkeur
in die fliek,
dans dol op radio-musiek;

Sing luidkeels Sondae in die kerk
vloek roekeloos Maandae by die werk

Doen siektes op,
en word gesond –
gaan tog maar môre weer te grond;

Teel kleingoed by die tros, en stort
g'n traan oor wat van hulle word!

Die jare gaan,
die jare kom;
hulle mors die tien gebooie om –

Trek kort op sestig pensioen,
en raak met God en mens versoen.

*deur S.V. Petersen*





## LASLAPPIE-KOMBERSE VAN MY LEWE

Flenters en fragmente
stukkies en brokkies

Elke dag
borduur mens aan sy lewe
stekie vir stekie
word flentertjie lap
aanmekaar geflans
tot malse skakering
laslappiekomberse

Elke stukkie lap
van weinig belang
Elke lappie
saam vasgewerk
kaleidoskoopkleur.

Aan die einde
warm komberse
knus om my gevou
wanneer Hy
vir my
in die Grootpad staan

Eers dan
kyk
sien ek
my lewe
tot nou...

Groot purper lappe
wanhoopstye
Oorskadu
deur vlamrooi blydskap
vreugdevure.
Tussenin
klein stukkies
peppermintgroen
twyfel.





Heldergeel brokke
magrietjie sonspatsels
vrolikheid
en lag.

Turkoois verlange
omsoom
met indigo blou spatsels
vriendelikheid en
liefde
sonder gedagte aan besit.

Komberse van my lewe
veerlig opgestop
tot volkomenheid
met
Genade.

en tóg
fragmente silwer
ontbreek
is weg,
die aardse
vir die menslike verstand
onverklaarbare
onbegryplike.

Nou
word ook hierdie stukkies smeltkroes
silwer
vir my
in die groot geheel geweef.

Nou kyk ons nog deur 'n spieël en sien 'n
raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons alles sien
soos dit werklik is.
Nou ken ek net gedeeltelik maar eendag sal ek ten
volle ken soos God my ten volle kan.
Korintiërs 13:12

*deur Monica Beukes*